Huiskerk

Quellerina Gemeente

# 21 Movies

# Shrek 2

## Johannes 15:9-17

*Dikwels voel ons dat, as ons net beter gelyk, meer gehad of meer geweet het, ons by hierdie of daardie groep sou ingepas het.*

*Soos Shrek, wat net nie die aanvaarding van Fiona se ouers kon kry nie en homself toe in Prins Charming verander, so probeer ons dikwels voorgee om te wees wat ons nie is nie, net om in te wees.*

*Christus se liefde breek deur alle grense, en ondergeskiktes word vriende (v15).*

*Ware liefde is daar waar mense hulself kan wees en steeds aanvaar en waardeer word.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Soos Fiona vir Shrek liefhet, nes hy is, al aanvaar haar ouers hom nie, is 'n voorbeeld van ware liefde*
*(Bybel 24/7)*